
KOMMUNIKASIELAB | COMMUNICATION LAB

Kry Engels onder die knie

’n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

Wens jy jy kon beter Engels praat? Ons kan jou die fynere kunsies leer wat nodig is om Engels met selfvertroue te praat en skryf.

Waarop fokus hierdie kursus?

Hierdie praktiese en interaktiewe aanlyn kursus fokus op die fynere vaardighede wat vir doeltreffende kommunikasie in geskrewe en veral gesproke Engels nodig is.

As jy selfbewus is wanneer jy voor ander moet Engels praat, dan is hierdie kursus vir jou!

In hierdie kursus, sal jy:

- tegnieke leer wat jou sal help om jou boodskap akkuraat en selfversekerd oor te dra – nie net by die werk nie, maar ook in ’n breër sosiale konteks
- die fynere vaardighede vir doeltreffende kommunikasie in Engels leer
- belangrike Engelse taalbeginsels hersien en jou woordeskat uitbrei

Wie is die aanbieder?

Louise Malherbe is ’n taalpraktisyn, dosent en geesdriftige aanbieder met ervaring in sowel akademiese as besigheidsomgewings. Sy het graag interaktiewe gesprekke met kursusdeelnemers en skep op dié manier geleentheid vir deelnemers om doeltreffende kommunikasie in aksie te beleef en positiewe ervarings te hê. Sy beskou elke kursusaanbieding as ’n opwindende leergeleentheid.



Wie kan dit bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?

Hierdie intreevlakkursus is vir jou bedoel as Engels jou tweede of derde taal is. As jy voel dat jy in jou werksplek en sosiale omgewing met meer selfvertroue in Engels wil kommunikeer, dan gaan jy baie baat vind by hierdie praktiese kursus.

Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die kontakssessies word deur ’n aanlyn komponent aangevul, en sekere van die kursus word geassesseer.

Is daar enige voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar en betroubare web soekenjin nodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

Waar en wanneer vind dit plaas?

Ons hibriede kursus kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, en aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

	Duur van die kursus (openings- en sluitingsdatums)	Regstreekse aanlyn sessies (9:00 tot 11:00)	Skryf in voor
Kursus 1:	12 April tot 24 Mei	19 en 26 April, 3 en 10 Mei	29 Maart
Kursus 2:	10 Augustus tot 20 September	16, 23 en 30 Augustus, en 6 September	26 Julie

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee ure per week op 'n regstreekse aanlyn sessie
- ±agt ure per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

Wat kos dit?

Die kortkursusfooie is R5 346 per deelnemer, wat kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms insluit.

Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer 'n minimum van agt kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Klik [hier](#) en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.

Enige verdere vrae?

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoefte met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.